

ALGEMENE WAARDASIE 2023 INLIGTING

- **Wie is die Munisipale Waardeerder?**

Terra Analytics (Pty) Ltd is deur middel van 'n tenderproses aangestel as die maatskappy wat die waardasies sal uitvoer, Shaun Bester van Terra Analytics is die Munisipale Waardeerder.

- **Wanneer sal die nuwe waardasierol gepubliseer word?**

Die Munisipaliteit sal die nuwe waardasierol in Januarie 2023 ontvang. Waardasie kennisgewings sal daarna aan alle eienaars gestuur word wat die nuwe waardasierol inligting asook inligting hoe en waar om beswaar aan te teken, bevat. Kennisgewings sal ook geplaas word in die koerante, op die webwerf, op die Munisipale Facebook blad en by die Munisipale Kantore, waarin daar aangedui word dat die waardasierol beskikbaar is vir inspeksie en dat besware ingedien kan word. SMS sal ook uitgestuur word

- **Hoe kan eienaars/belastingbetalers seker maak dat hulle wel die waardasiekennisgewings ontvang?**

Eienaars moet seker maak dat die posbesonderhede en e-pos adres by die Munisipaliteit korrek is.

- **Hoe is die nuwe munisipale waardasies bepaal?**

- Die munisipale waardasie van 'n eiendom is die bedrag wat die eiendom sou behaal indien dit op die datum van waardasie, wat 1 Julie 2022 is, verkoop sou word in die ope mark deur 'n gewillige verkoper aan 'n gewillige koper.
- Vir residensiële eiendom word die verkope naby die waardasiedatum, asook die toestand en ligging van die eiendom gebruik om die waardasie te bepaal.
- Om eienaars te beskerm, vereis die Munisipale Eiendomsbelastingwet dat munisipaliteite professionele geregistreerde waardeerders aanstel om waardasies uit te voer.

- **Hoe maak ek indien ek nie saamstem met my eiendom se waardasie nie?**

Alle eienaars word die geleentheid gebied om te beswaar maak indien hulle nie saamstem met die munisipale waardasies nie. Hierdie besware moet gedurende die amptelike beswaar tydperk ingedien word, die tydperk sal in die waardasiekennisgewings aangedui word. Slegs besware wat binne die beswaartydperk asook op die korrekte manier ingedien word sal aanvaar word.

Aanlyn besware kan ingedien word deur die skakel te volg op www.twk.gov.za.

- **Wat gebeur nadat ek my beswaar ingedien het?**

Die beswaar sal oorhandig word aan die Munisipale Waardeerder, wat dit dan sal oorweeg en 'n beslissing sal maak. Beswaarmakers sal skriftelik in kennis gestel word van die uitslag van hul besware.

- **Wat gebeur as die beswaarmaker nie tevrede is met die besluit van die waardeerder nie?**

Die beswaarmaker is geregtig om te appelleer teen die besluit van die Munisipale Waardeerder indien daar goeie gronde bestaan vir die appèl. Die appèl sal deur 'n onafhanklike Waardasie Appèlraad aangehoor word. Inligting oor hoe om 'n appèl in te dien, sal by die beswaarbesluit ingesluit word.

- **Indien my eiendom se waardasie toegeneem het, sal my belasting rekening dan ook toeneem in dieselfde verhouding as my waardasie?**

Die bedoeling met die Algemene Waardasie is nie vir die Munisipaliteit om verhoogde inkomste te verseker nie. Die belasting rekeninge sal nie in dieselfde verhouding as die waardasies toeneem nie, die tarief (sent in die rand) sal aangepas word.

- **Wie kan gekontak word vir meer inligting:**

- Theewaterskloof Munisipaliteit: Waardasie afdeling

Tel. 028 214 3390

valuations@twk.gov.za

- Terra Analytics (Pty) Ltd:

Shaun Bester

valuations.twk@terra.group